JAARVERSLAG 2024

Vlaamperde ….simply the best and they give a lifetime of promise and a world full of dreams.

Na die 40ste bestaans jaar en ledevergadering vol lastighede en probleme is dit ‘n voorreg om verslag te kan doen oor ‘n jaar vol seën uit die Heer se hand ontvang .Ek wil al die eer aan die Heer gee. Ek wil HOM bedank wat hierdie prag diere vir ons gee om ook tot Sy voordeel te leer en gebruik, af te rig en te skou.

Vlame skop skoue af op Luztville. Die skoubestuur van Lutzville is werklik hardwerkende mense. Ons is gelukkig om van hulle as lede ook te hê. Dankie Nick, Rika en Melanie. Dra asb ons dankbaarheid aan julle bestuur oor.

Ons het ook vanjaar vir die eerste keer ‘n inligtingsessie vir die lede aangebied om terugvoer te gee vir lede rakende besluite op raadsvergadering. Daar was 17 lede teenwoordig by Porteville skougronde. Piet het geopen op paslike wyse deur te bid tot ons Hemelse Vader.

Lede word 7 dae gegun om klagtes te opper na ‘n oortreding op ‘n skou anders sal bestuur nie aandag gee daaraan nie. Skriftelike korrespondensie sal die kantoor geteken deur voorsitter verlaat. So ver moontlik sal daar gepoog word om jaarvergadering te roteer. Die manier van sit sal afhang van die venue wat gebruik word. Proksie - tydens jaarvergadering sal lede stem insake proksie en dan moet Grondwet dienooreenkomstig gewysig word. Daar moet bewys van dood in familie of bewys van siekte gelewer word ten einde proksievorm te ontvang.

Die raad het op versoek van sommige lede nuwe keurders aangestel nl. Piet Wagenaar, Dr Sulene Kritzinger, Ben v d Westhuizen en Gert Voster.

Hanti Burden is as addisionele lid aangestel met geen stemreg maar wel opinie.

Langmaanhaarklasse en Dames Enkeltuigklas sal op volgende ledevergadering voor gestem word en dan op kleiner skoue beproef word vir belangstelling voor dit deel van SA’s word.

Baie lede voel dat die S A ‘s geskuif moet word. Verandering bring soms verbetering. Daar moet egter gelet word op die infrastruktuur asook die gemeenskap se betrokkenheid by die skoue.

Wilhelm en Nelis voel dan ook dat bestuur streng moet hou volgens die grondwet want dit skep vertroue.

Daar word heerlike sop en broodjies voorgesit vir lede voor hul verdaag.

Oor die algemeen het daar positiewe kommentaar en terugvoering van lede gekom oor die inligtingsvergadering.

Porterville het ook weer ‘n skou aangebied en die Vlame was soos altyd verteenwoordig. Dankie aan lede wat opoffer om skoue te ondersteun.

SA Kampioenskappe

Moorreesburg verwelkom die Vlame hartlik tydens ons S A Kampioenskappe.

Elke ontvanger van die pragtige linte is vanjaar verseker ‘n veer in die hoed. Elke kampioen moes hard werk vir sy plekkie. Baie dankie aan elke vertoner en eienaar wat van ons S A ‘s ‘n sukses help maak het.

Vanjaar is daar ook vir die eerste keer ‘n toekennings aand waar ons verskeie lede vereer. Spesiale dank aan Alicia wat dit vir ons leiding neem en ook die kuier-tent saam met die heerlike etes inisieer. Vir elke lid en elke bydrae is daar oneindig dankbaarheid.

Ons Vlaamperde word ook vanjaar vir die eerstse keer verteenwoordig by Nampo-Kaap. Piet, Lientjie en Van Wyk doen baie moeite om ons unieke ras aan ander te vertoon ondanks stormwinde en sonskyn. Baie dankie vir julle opoffering. Dit word opreg waardeer.

Jurie Uys vertoon ons Vlame op George met die opening sermonie van die Tent pegging World Cup. Dankie Jurie dat jy ook die moeite gedoen het om ons trots vir die wereld te wys.

Tulbaghskou geniet ook vlaamperde en lede wat die Vlaamnaam hoog hou. Nick en Illezaan en Bennie, Japie, Elzaan en Asie vir julle is niks moeite nie.

Robertsonskou se toeskouers is geseënd met Vlaamperde wat opwinding en vreugde verskaf.

Villiersdorpskou word ook ingekleur met pragtige Vlaamperde.

Williston was vanjaar bevoorreg om Vlame op hul skou te ontvang.

Paul wen die 3-gang klas met Kit Kat. Voorwaar ‘n prestasie met sterk kompetisie.

Prins en Jano se videos op sosiale media bewys net die trots waarmee Nelis hierdie 2 vertoon

Swellendam

Verlede jaar het Asie ‘n ongeluk gehad tydens die damesklas en vanjaar ry sy voor met Trixie van Maarten Eksteen in die damesklas ……..Dit is voorwaar iemand wat nooit opgee nie. As jy wil weet wie wat gewen het op Swellendam noem sommer die naam Bettie Uys en jy sal nie verkeerd wees nie. By Junior Siertuig het Fliekman met Van wyk Saayman darem gewys daar is nog ander Kampioene ook.

Clanwilliam

Die skou en bestuur wat elke jaar letterlik die haas uit die hoed pluk en met harde werk ‘n uitmuntende skou aanbied. Dankie Clanwilliamskoubestuur vir ‘n streekskou wat van goeie organisasie getuig. Ek wil graag vir Georgina uitsonder wat al die klagtes moet aanhoor en uitsorteer vir ons perdevertoners. Altyd vriendelik en bereid om te help.

Ons Vlaamperdbestuur ……die perd wat die korrels verdien kry baie maal die strooi!! Jul verdienste word verseker nie altyd beloon nie. Daar is klippe gekou, berge geklim, maar dankie vir opofferinge en liefde in elke vergadering aan die Vlaamperdras en sy lede bewys.

Dankie aan Stamboek by name Dr Japie v d Westhuizen, Herman Labuschagne en Sherri van Zyl wat altyd bereid is om te help met vrae en Karin by Bester en Vennote wat met haar proffessionele hulp na die geldsake omsien.

Dit is ‘n voorreg om verslag te doen oor die jaar se bedrywighede en aktiwiteit van die Vlaamperdras. Dit was in vele opsigte ‘n geseënde jaar en ek bedank dan oor graag elke lid vir opoffering, vir borge en ondersteuning. Ons is geseënd met lojale en formidabele lede.

Dankie.